LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 24
3 Augustus 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018
Regverdig

Met die interskole op hande kan ons uitsien na ‘n opwindende week. Vir elke seun en dogter wat deelneem, gaan dit ‘n werklike toets wees vir hulle karakter. Ons weet en vertrou dat elke leerling hulle karakterspiere saam met hulle sportspiere sal oefen.

Ons is trots en dankbaar saam met elke leerder wat die afgelope week karaktertoekennings ontvang het en sien uit na nog baie sulke geleenthede!

Daar is steeds oranje sleutelhouers te koop teen R5 by Mevrou van Heerden. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Ons gaan aan die einde van die jaar kyk wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van regverdigheid?

‘n Regverdige persoon:

1. Maak beurte en **deel.**
2. Behandel almal **regverdig**.
3. Trek niemand **voor** nie.
4. **Bevoordeel** nie hulself nie.
5. Is **onpartydig**.
6. Is **onbevooroordeeld**.



Kom ons bou saam aan ‘n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan mev Santa Potgieter en familie met die afsterwe van ‘n geliefde broer. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

VREUGDE
Baie geluk aan mev Sylandré Sparrius en gesin met die geboorte van hul babadogtertjie. Mag sy vir hul van groot vreugde wees.

EPOS
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal derugegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

KINDERKRANS
Kinderkrans vir Graad 1 - 3 word op 'n Woensdagoggend om 07:30 in die skoolsaal aangebied.

TIENERKRANS
Tienerkrans vir Graad 4 - 7 vind plaas op 'n Woensdagaand om 06:00 – 18:45 in die skoolsaal.

KLEURFEES
Die Kleurfees vind op Maandag, 6 Augustus 2018 vanaf 11:00 – 12:00 op die rugbyveld plaas. Dit is elke jaar 'n hoogtepunt en beloof om hierdie jaar vir groot pret te sorg. Almal in die gesin is baie welkom om deel te neem. Koshuisleerlinge kan Maandag pakkette en verfsakkies koop. Leerlinge moet hul kleurfeesklere onder hul sweetpakke aantrek.

TENNIS
Die tennishuisie is klaar! 'n Baie groot dankie aan elke ouer vir wat julle gedoen het. Dankie aan Orpa de Wet en Joan Barnard wat die masjien seepglad laat loop het. Dankie aan Tertius Groenewald vir die organisering en maak van die toonbank, Izienne v Jaarsveld en Hantie Marx vir julle skenkings asook Fourie's Vervoer vir die skenking van die klippies. Ons waardeer dit werklik baie. Kom ondersteun Maandag en Dinsdag ons tennisspelers. Dankie vir elke ouer wat werk in die snoepies by die bane en wat die verversings voorsien!!

INTERSKOLEWEEK
Baie sterkte aan al die spanne wat gaan deelnaam aan hierdie belangrike gebeurtenis op Graaff-Reinet. Hou Laer Volkskool se naam hoog oral waar jul beweeg. Die skooltye en program vir die week is as volg:

Skooltye vir Interskole week:

Maandag:	6 Aug:	Gr 1 – 7 - 08:00 – 12:00		
Dinsdag:	7 Aug:	Gr 1 – 2- 07:15 – 12:10;	Gr 3 – 07:15 – 12:40;	Gr 4 - 7 – 07:15 - 13:00
Woensdag:	8 Aug:	Gr 1 – 2- 07:15 – 12:10;	Gr 3 – 07:15 – 12:40;	Gr 4 - 7 – 07:15 -13:00

Program:

Mini brag **-** Maandag, 6 Augustus 2018 om 10:00 (Alle leerlinge kom met 'n skoolsweetpak skool toe. **Eerstespanne** moet met hul skoolsweetpak en eerstespan baadjies skooltoe kom).
Kleurfees - Maandag, 6 Augustus 2018 (11:00 – 12:00. Alle leerlinge kom met wit klere onder hul skoolsweetpak skool toe).
Klasfoto's - Dinsdag, 7 Augustus 2018 (Alle leerlinge kom met die korrekte wintersdrag skool toe).
Sportfoto's - Woensdag, 8 Augustus 2018 (Alle leerlinge kom met skoolsweetpakke skool toe).
Vrouedag - Donderdag, 9 Augustus 2018 (Vakansiedag).
Vrydag - 10 Augustus 2018 (Skole vakansiedag) U volg die Interskole program. Alle leerlinge woon die dag met die korrekte wintersdrag of skoolsweetpak by.
Saterdag - 11 Augustus 2018 (Alle leerlinge woon Interskole met hul skoolsweetpak by).

INTERSKOLE PROGRAM
'n Nuwe program is aangeheg a.g.v. tye wat verander het.

DATUM VIR DIE KALENDER
22 September 2018 – o.13A Krieket teen Gill – 8 'n kant 10 over toernooi.

SPORT

UITSLAE VAN GILL SPORTDAG
RUGBY

SPAN	LVS	GILL
o.7	25	30
o.8	0	40
o.9	33	15
o.11B	5	17
o.11A	10	0
o.13B	15	29
o.13A	22	14

NETBAL

SPAN	LVS	GILL
o.7	6	0
o.8A	2	1
o.8B	6	0
o.9	12	0
o.10A	6	9
o.10B	4	6
o.11A	9	6
o.11B	9	6
o.13C vs o.13B	0	7
o.13B vs o.12A	5	14
o.13A	10	23

HOKKIE

Die o.13A hokkiedogters neem hierdie naweek deel aan die Pietie Coetzee Hokkietoernooi in Bloemfontein. Sterkte aan al die dogters wat betrokke is. Ons hou duim vas en glo dit sal goed gaan. Die program is soos volg:

Vrydag, 3 Augustus 2018
9:00 LVS teen Oranje Meisie
12:50 LVS teen Menlopark
15:50 LVS teen St Mary's

Saterdag, 4 Augustus 2018
08:40 LVS teen Eunice
10:40 LVS teen Collegiate

GEDAGTE VIR DIE WEEK

God is nie ver en vreemd nie,
onbereikbaar soos 'n ster se lig;
nee, Hy is hier, digby my,
soos die koel windjie op my gesig.

Onthou dat God alomteenwoordig is!

Psalm 135:7

ADVERTENSIES

ADENDORP BASAAR

Datum: 4 Augustus 2018
Tyd: 14:00
Plek: Adendorp Stadsaal

Kom en geniet 'n wonderlike dag van samesyn met ander gelowiges en heerlike braaivleis, gebak, poedings ensomeer.

SKOOLALBUMS:

"Van Baba/Kleuter tot My Skoolalbum"

My Skoolalbum bestaan nogsteeds uit voorskool tot GR12 vir al jou kind se skoolfotos.
Daar is 'n koevert vir elke graad se rapporte, sertifikate en spesiale tekeninge.
Die album het 'n bietjie uitgebrei en die wat nog die baba/kleuter afdeling ook wil he, kan nou 'n alles in een album kry.
Dit bestaan uit van voorgeboorte, doop, 6mnde oud en dan 1,2,3,4,5j afdelings.
Kontak my gerus vir fotos.
My Skoolalbum van GR R tot GR 12 is = R200.00
Van Baba/Kleuter tot My Skoolalbum is R400.00

Kontak: Adéle van den Berg – 071 624 32 71